

SONDAGSKOOL LES: Die Gees van die Waarheid

Doel van les:

- Hierdie week gesels ons oor hoe die Heilige Gees ons lei in die waarheid en getuig van Jesus.

Ysbreker:

- **Word search:** Deel vir elke groep Word Search uit oor Heilige Gees. Kyk wie is eerste klaar.

Jesus het na die Heilige Gees verwys as die Gees van die Waarheid. Hy het gesê dat die Heilige Gees ons sal leer en ons herinner aan alles wat Jesus gesê het. Jesus het ook gesê dat die Heilige Gees ons sal lei in die waarheid.

Groepwerk:

Ek het 'n paar vragies vir julle, maar ook verse waaruit julle dalk antwoorde kan kry. Kom ons kyk wie het 'n goeie antwoord vir hierdie vrae.

- Die waarheid is wonderlik. Van watter waarheid praat Jesus? (Handelinge 2:22-24 sal help met die antwoord)
- Ons is veronderstel om met die wêreld oor Jesus te praat. Wat sal ons sê? (Handelinge 2:32-33, 36 kan help met die antwoord)
- Daar word baie gepraat van die waarheid. Hoe herken ons die Gees van die Waarheid? (1 Johannes 4:2, 1 Korintiërs 12:3)

Jesus is die Christus, die beloofde Verlosser, die enigste Seun van God. Jesus is Koning. Dit is die waarheid wat deur duisende jare bly staan het en vandag nog ons bereik. Die Heilige Gees getuig van daardie feite. Die Gees van die Waarheid getuig dat Jesus as mens gebore is. Hy getuig dat Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en opgestaan het uit die dood. Die Gees van die Waarheid getuig: Jesus is Here.

Sluit af in groepe met gebed.